# HOOFSTUK 7

# SPESIFIEKE BEROEPSOPLEIDING AAN BLINDE LEERLINGE EN JEUGDIGES

## 7.1 INLEIDING

Beroepsopleiding wat aan blinde leerlinge en jeugdiges aangebied word wat tot op 'n sekere skolastiese vlak gevorder het en direk na sodanige beroepsopleiding tot die arbeidsmark gaan toetree, word in hierdie hoofstuk bespreek. Aan die Skool vir Blindes te Worcester word beroepsopleiding aan verskillende kategorieë blin= de kinders aangebied. In die eerste plek word blinde leerlinge wat op opname in beskutte werkswinkels aangewys is, in die Vak= afdeling in 'n handvaardigheidsrigting opgelei. Ten tweede word leerlinge wat wel standerd 8 kon slaag en aspireer om die ope arbeidsmark te betree, in telefoonskakelbordwerk (telefonie) of klavierstem- en klavierherstelwerk opgelei. Derdens kan leer= linge wat wel die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, die sekretariële kursus of die voortgesette musiekopleidingskursus wat deur die skool aangebied word, deurloop. Soos in die geval van die RSA, word beroepsopleiding aan blindes in sekere oorsese lande ook aan skole vir blindes aangebied. In ander lande word soortgelyke opleiding egter aan naskoolse beroepsopleidingsinrig= tings aangebied.

## 7.2 BEROEPSOPLEIDING AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

### 7.2.1 DIE VAKAFDELING

#### 7.2.1.1 Oorplasing na die Vakafdeling

In die reël is die leerlinge wat na die Vakafdeling oorgeplaas word verstandelik vertraagd en sal hulle beswaarlik in die ope arbeid tereg kom. Die meerderheid leerlinge wat hul in die

Vakafdeling bevind, is dan ook vanuit Aanpassings- en Hulpklasse daarheen oorgeplaas (kyk 4.3.2). In 1974 was daar 5 blinde en 12 swaksiende leerlinge in die Vakafdeling wat hulle in 'n spesi= fieke handvaardigheidsrigting bekwaam het (kyk tabel 4.1).

Van die leerlinge wat die Skool vir Blindes gedurende die jare 1960 tot 1970 verlaat het, is 32,4 persent in beskutte werkswin= kels vir blindes opgeneem (Suid-Afrika, 1970b, p. 57). In 1974 het die *blinde* leerlinge in die Vakafdeling 25 persent (5) van die totale aantal blinde leerlinge (20) in die Vakafdeling, die Beroepsafdeling, standerd 9 en standerd 10 verteenwoordig (kyk tabel 4.1). Volgens 'n opname wat in 1973 aan die Skool vir Blindes gedoen is, was ongeveer 30 persent van al die gesigsge= stremde kinders ȍf lig, ȍf ernstig verstandelik vertraagd (kyk 4.4.1.3).

In die reël word leerlinge nie na die Vakafdeling oorgeplaas voordat hulle sestien jaar oud is nie, en daar word sorg gedra dat elke leerling ooreenkomstig sy besondere moontlikhede sko= lasties optimaal gevorder het voordat oorplasing oorweeg word. Die oorplasing van leerlinge geskied dus op indiwiduele grond= slag.

### 7.2.1.2 Vakrigtings wat aangebied word

Ooreenkomstig die besondere moontlikhede en belangstelling van elke leerling, word blinde leerlinge wat na die Vakafdeling oor= geplaas is, in een besondere vakrigting opgelei.

a. Opleidingsmoontlikhede vir seuns

1. Matrasmakery

Leerlinge word opgelei in die vervaardiging (masjienopera= teurswerk) van onderdele vir binneveermatrasse, die montering van matraseenhede en ook die volledige vervaardiging van

konvensionele klapperhaarmatrasse. Die stoffering van die binneveermatrasse word behartig in die Werkswinkel vir Blindes te Worcester waar volwasse blinde persone werksaam is.

### 2. Mandjiemakery

Mandjiemakery is een van die oudste bedrywe wat nog deur blindes beoefen word. Enkele blinde leerlinge word in hier=die werk opgelei totdat hulle gereed is om in 'n beskutte werkswinkel diens te aanvaar.

### 3. Rottangmeubelmakery

Opleiding in die vervaardiging van onder andere rottangstoele, -bankies en -tafels word aangebied.

### 4. Houtwerk

Sedert ongeveer 1967 word geskikte kandidate opgelei in die meer elementêre prosesse van houtbewerking, die gebruik van masjinerie en handgereedskap en die vervaardiging van eenvou=dige meubelstukke. 'n Sekere mate van gesig word egter as vereiste gestel vir toelating tot opleiding in hierdie vak=rigting.

### 5. Metaalwerk

Opleiding in metaaldraaibankwerk en ander ligte metaalwerk word in oorleg met die personeel en op die perseel van die plaaslike Werkswinkel vir Blindes aangebied.

## b. Opleidingsmoontlikhede vir meisies

### 1. Breiwerk

Plat- en rondebreiwerk word aangebied. 'n Mate van gesig is vir die bemeestering van platbreiwerk van besondere hulp

aangesien fyn afwerking vereis word, patrone ontwerp word en van kleurskakerings gebruik gemaak word.

2. Weefwerk

Opleiding in weefwerk op konvensionele handweefstoele word aan sowel seuns as meisies aangebied.

### 7.2.1.3 Sillabusse en sertifikaatuitreiking

Vir elke vakrigting bestaan daar 'n sillabus en die instrukteur gee onderrig aan die hand van 'n skema wat in die reël binne 'n voorgeskrewe tydperk afgehandel word. Aangesien indiwidualise=ring in die opleiding as gevolg van die klein aantal vakleerlinge moontlik is, vorder elkeen ooreenkomstig sy besondere moontlik=hede. Oor die algemeen duur die opleiding ongeveer twee tot drie jaar. Die eksaminering van die werk van leerlinge in die Vakaf=deling gee die leerlinge 'n aanduiding van hul vordering, verseker in 'n mate hul betrokkenheid by die leeraktiwiteite en versterk hul gevoel van eiewaarde en diensbaarheid.

### 7.2.1.4 Personeel

'n Instruktrise is verantwoordelik vir die opleiding van leer=linge in brei- en weefwerk, terwyl twee instrukteurs die oplei=ding van seuns in onderskeidelik matrasmakery en rottangwerk be=hartig. Dié personeel beskik oor die vereiste tegniese kwalifi=kasies in die vakrigting waarvoor hulle verantwoordelik is. Al=hoewel sekere onderwyskwalifikasies nie as voorvereiste vir aanstelling as instrukteur(trise) in die Vakafdeling gestel word nie, is sodanige kwalifikasies 'n sterk aanbeveling en word die opvoedingstaak in hierdie afdeling sterk by die personeel beklem=toon.

### 7.2.1.5 Die uitplasing van leerlinge

Dit gebeur soms dat leerlinge reeds op sewentienjarige ouderdom hul kursus in die Vakafdeling deurloop het. Hierdie leerlinge word egter nie summier na 'n beskutte werkswinkel vir blindes oorgeplaas nie. Afgesien van die ouderdom van die leerling, word aspekte soos die gesigsreste waaroor die leerling nog beskik, die vertroue waarmee hy beweeg en die mate van selfstandigheid wat hy verwerf het, by oorplasing in aanmerking geneem. Die skool probeer dus verseker dat die leerling gereed is om sy plek tussen volwassenes in te neem, voordat hy oorgeplaas word en dit gebeur dat leerlinge tot negentien- en selfs twintigjarige ouder= dom in die Vakafdeling vertoef.

'n Verdere rede waarom sommige leerlinge tot negentienjarige ou= derdom in die Vakafdeling vertoef, is omdat persone wat as blind geregistreer is, eers van hierdie ouderdom af op pensioenvoordele kan aanspraak maak. In hierdie verband kan daarop gewys word dat die Uitvoerende Bestuur van die destydse Suid-Afrikaanse Nasiona= le Raad vir Blindesorg reeds in 1932, op aandrang van die Skool vir Blindes te Worcester, die verskillende vereniginge vir burger= like blindes versoek het om nie blinde persone wat hul opleiding aan die Skool vir Blindes ontvang het, as hulpbehoewend te ver= klaar nie, tensy hierdie persone wel 'n sekere kursus aan die skool deurloop het, of wel so ver gevorder het as waartoe hulle in staat was (Bisenbach, 1945a, p. 242). Sodoende word leerlinge ontmoedig om die Vakafdeling te verlaat voordat hulle hul oplei= ding voltooi het.

Die Werkswinkel vir Blindes poog steeds om die produktiwiteit van die werkers te verhoog, asook om nuwe produkte te vind wat deur blindes vervaardig kan word en waarvoor daar wel 'n aanvraag is. Die werk moet egter van so 'n aard wees dat dit na die werker gebring kan word en waar Worcester redelik ver van die groter

sentra en industriële gebiede, veral die Witwatersrand, geleë is, word wel probleme in hierdie verband ondervind (Suid-Afrika, 1970b, pp. 40-41; kyk bylae A, v. 1.7, 3.1 (b) en 5.13).

### 7.2.2 DIE BEROEPSAFDELING

#### 7.2.2.1 Inleiding

In die Beroepsafdeling word blinde leerlinge vir toetrede tot 'n beroep in die ope arbeid, of voortgesette onderrig op tersiêre onderwysvlak voorberei. Vir toelating tot 'n kursus in die Be= roepsafdeling moet die leerling 'n sekere vlak van skolastiese vordering bereik het. Die kursusse wat hier bespreek word, is dié in telefonie, klavierstem- en klavierherstelwerk, sekretariële werk, musiek en programmering.

#### 7.2.2.2 Telefonie

##### a. Toelating tot die kursus

Sowel blinde seuns as meisies word tot hierdie kursus toegelaat en hulle moet minstens oor die Nasionale Junior Sertifikaat (stan= derd 8) beskik. Sommige leerlinge word egter eers na voltooiing van standerd 10 na hierdie afdeling oorgeplaas. In 'n poging om te verseker dat leerlinge sal kan voldoen aan die eise wat in 'n betrekking in die ope arbeid aan hulle gestel gaan word, word verskillende aspekte by die toelating van kandidate tot hierdie kursus in oorweging geneem. Samevattend word die volgende aspek= te as van belang beskou vir die kandidaat wat suksesvol in 'n betrekking as telefonis(te) ingeskakel wil word:

1. 'n Keurige beheersing van albei amptelike tale.

2. Voldoening aan die vereistes wat ten opsigte van handvaardigheid, tassintuiglike koördinasie en ruimtelike oriëntasie gestel word.*

3. Bedrewendheid in tik, asook in bandmasjientikwerk.

4. Persoonskwaliteite soos hulpvaardigheid, wellewendheid, selfstandigheid en selfvertroue.

5. Goeie gesondheid, mobiliteit en 'n netjiese en innemende voorkoms.

6. Bedrewendheid in die lees van brailleskrif en die memorisering van syfers.

7. Die verwerwing van die Nasionale Junior Sertifikaat (kyk bylae A, v. 6.6).

Met die toenemende outomatisering van telefoonskakelborde, word die betrekking van telefonis(te) in 'n steeds toenemende mate met addisionele take gekombineer, byvoorbeeld tikwerk. Daarom dat bedrewendheid in tikwerk as van belang by die toelating van kandidate beskou word.

Vir etlike blinde leerlinge wat die Nasionale Junior Sertifikaat en selfs die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, is telefonie die enigste beroep wat hulle wel in die ope arbeid sal kan beoefen. Gevolglik is dit onvermydelik dat blindes wat nie aan al genoemde vereistes voldoen nie, wel as telefoniste(s) opgelei word. Wat betref hierdie kandidate word dan in besonder gepoog om van genoemde vereistes by hulle tuis te bring; onder andere by wyse van hul inskakeling by voortsettingsklasse (kyk 6.2.3.8).

---

*Vir handvaardigheidstoetse wat ingeskakel word, kyk paragraaf 9.2.3.3 a.3.

Dit gebeur wel dat die Departement van Pos- en Telegraafwese kandidate wat slegs oor 'n standerd 7-sertifikaat beskik, as telefoniste(s) oplei (kyk bylae C). Daar sal gewaak moet word teen die moontlikheid dat blinde leerlinge wat nie standerd 8 ge= slaag het nie, maar wel standerd 7 en wat moontlik wel aan die meeste van genoemde vereistes kan voldoen, bloot op grond van hul laer skolastiese kwalifikasies en ten koste van die moontlikheid om diensbaar as telefoniste(s) in die ope arbeid ingeskakel te word, tot werk in beskutte werkswinkels gedetermineer word.

## b. Die opleiding, eksaminering en uitplasing van telefoniste

Die opleiding in telefonie aan die Skool vir Blindes duur ses maande en omvat die onderrig in teoretiese aspekte van kommunika= siedienste, eenvoudige tegniese inligting oor telefoondienste, 'n deeglike praktiese opleiding in die hantering van die skakelbord en daaglikse skofte in beheer van die skakelbord by die Skool vir Blindes. Die inhoud van die onderhawige kursus is opgestel in ooreenstemming met die vereistes wat deur die Departement van Pos- en Telegraafwese gestel word. Die praktiese opleiding geskied deur middel van sewe opleidingskakelborde en 'n voltydse instruk= teur ('n blinde persoon) is vir die opleiding verantwoordelik.

Geen besondere probleme is in die verlede ondervind om vir blinde telefoniste(s) betrekkings te vind nie en hulle het in die reël by hospitale, munisipale kantore, staatsdepartemente en private maat= skappye diens aanvaar. Dit is egter nodig om weer eens op die probleme te wys wat as gevolg van die toenemende oorskakeling na nuwe outomatiese skakelborde ondervind word. Sommige van hierdie skakelborde kan nie deur blindes behartig word nie indien sekere hulpmiddels nie tot die beskikking van die blinde telefoniste(s) gestel word nie. Die toenemende kombinering van die betrekking

van telefonis(te) met ander addisionele pligte, skep ook vir die blinde persoon probleme, aangesien sommige van hierdie pligte nie deur 'n blinde behartig kan word nie. Ten einde blindes in betrekkings as telefonis(te) geplaas te kry, word samewerking van werkgewers (insluitende staatsdepartemente) in hierdie verband dus al hoe meer aktueel (Suid-Afrika, 1970b, p. 42; kyk bylae A, v. 3.1(b) en 4.9).

#### 7.2.2.3 Klavierstem- en klavierherstelwerk

##### a. Toelating tot die kursus

Die keuring van kandidate word deur die onderwysersielkundiges, die verantwoordelike vise-hoof, sommige van die onderwysers en die instrukteur behartig. Aspekte wat by die toelating van kandidate tot hierdie kursus in aanmerking geneem word, is die volgende:

1. Kandidate moet oor die Nasionale Junior Sertifikaat (standerd 8) en verkieslik oor die Nasionale Senior Sertifikaat (standerd 10) beskik.
2. Kandidate moet oor 'n sekere mate van handvaardigheid beskik, aangesien herstel- en stemgereedskap hanteer moet word terwyl 'n sekere mate van presisiewerk ook vereis word.
3. Die gehoor van die kandidaat moet goed wees, aangesien hy klein verskille in klankfrekwensies sal moet onderskei. Onderrig in klavierspel is vir hierdie leerlinge ook van waarde aangesien hulle dan in staat is om die klavier wat hulle stem, te bespeel.
4. Die tweetaligheid van die kandidaat is 'n verdere aspek wat in aanmerking geneem word.
5. Aangesien sommige blinde persone wat hierdie kursus deurloop het, hul eie handelsondernemings begin, is dit belangrik

dat hulle kan tik en korrespondensie kan behartig.

6. Ten slotte word die mobiliteit, werklikheidsoriëntering en selfstandigheid van die leerlinge in ag geneem.

Die voldoening aan al bogenoemde vereistes word nie reeds voor toelating as onontbeerlik beskou nie en die kandidaat word in die geleentheid gestel om ook gedurende die opleiding te toon of hy aan die eise wat gestel word en later gestel gaan word, kan voldoen.

## b. Die opleiding, eksaminering en uitplasing van kandidate

Die kursus in klavierstem- en klavierherstelwerk duur 'n minimum van drie jaar. Die voltydse instrukteur het onder andere ook in Engeland opleiding deurloop.

Die opleidingskursus omvat die teoretiese en praktiese aspekte van klavierbou, elementêre klankleer en die stem en herstel van klaviere en verwante instrumente. Aangesien blinde klavierstemmers in 'n al groter mate hul eie handelsondernemings begin, is aspekte soos die uitskryf van rekeninge en kwitansies, doeltreffende boekhouding, die bestelling van materiaal, advertering, elementêre kosteberekening, korrespondensie en tenderprosedures mettertyd op 'n voorlopige wyse in die kursus aangesny. Daar is dan ook beplan om hierdie aspekte eventueel as 'n integrale gedeelte van die kursus aan te bied.

Eksaminering geskied intern, en soos in die geval van die telefonie-kursus, word 'n sertifikaat wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding erken word, deur die Skool vir Blindes aan suksesvolle kandidate uitgereik. Kandidate wat die kursus deurloop het, tree gewoonlik by klavierfabrieke of musiekhandelaars in diens, of behartig 'n private praktyk. Oor die algemeen is daar

'n redelike aanvraag na die dienste van klavierstemmers en dit gebeur dat blinde klavierstemmers so 'n goeie diens lewer dat byvoorbeeld kontrakte vir die stem en herstel van klaviere deur skole aan hulle toegesê word (Kruger, 1968, p. 57; kyk bylae A, v. 3.1(b), 4.9 en 7.8).

Sommige van die blinde kandidate wat die kursus in klavierstem- en klavierherstelwerk volg, deurloop ook die kursus in telefonie en brei sodoende hul beroepsmoontlikhede in die ope arbeid uit.

### 7.2.2.4 Die sekretariële kursus

#### a. Toelatingsvereistes

Sedert 1970 bied die Skool vir Blindes te Worcester 'n eenjarige sekretariële kursus aan vir meisies wat reeds die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het. Sowel blinde (braillekandidate) as swaksiende kandidate word vir opleiding in sekretariële werk in aanmerking geneem. Tans bestaan daar egter nog onsekerheid of 'n totaal blinde kandidaat wel van sodanige beroep in die ope arbeid 'n sukses sal kan maak.

Afgesien van die feit dat 'n kandidaat oor die Nasionale Senior Sertifikaat moet beskik, word die volgende addisionele aspekte by toelating in ag geneem:

1. Tik moes as vak in die standerd 10-eindeksamen aangebied gewees het.
2. 'n Toelatingstoets moet afgelê word. Hierdie toets behels -
   (a) 'n spellingtoets in albei amptelike tale,
   (b) die tik van 'n sakebrief in die moedertaal binne 'n sekere tydsbestek en
   (c) die tik van 'n voorgelese gedeelte in die tweede taal.

3. 'n Bevredigende beheersing van albei amptelike tale is 'n vereiste. In die geval van sommige kandidate word 'n monde=linge toets in die tweede taal afgeneem.

4. Opleiding in telefonie is verpligtend.

5. Die aanbieding van Handel en/of Handelsreg deur die kandi=daat gedurende sy sekondêre skoolloopbaan is 'n sterk aanbe=veling.

Voorts word sekere persoonskwaliteite waaroor die blinde moet be=skik as van besondere belang vir die suksesvolle plasing van kan=didate in die ope arbeid beskou (kyk 7.2.2.2 a).

b. Opleiding

Die inhoud van die sekretariële kursus is deur die personeel aan die Skool vir Blindes wat vir die aanbieding van handelsvakke ver=antwoordelik is, saamgestel. Aan suksesvolle kandidate word 'n sertifikaat deur die skool uitgereik wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding erken word.

Sestien periodes per week word aan die opleiding van kandidate in sekretariële werk bestee. Die aantal periodes per week wat aan elk van die verskillende vakke toegeken is, is soos volg:

| | |
|---|---|
| Tik | - 8 periodes per week. |
| Handelstaal | - 2 periodes per week. |
| Kantoorroetine (liassering, dokumentasie, duplisering, ensovoorts) | - 3 periodes per week. |
| Spraak en Houding | - 1 periode per week. |
| Vergaderingsprosedures, Ver=koopskuns en Pligte van Ont=vangsdames | - 1 periode per week. |
| Bandmasjientikwerk | - 1 periode per week |

c. Uitplasing van kandidate

Gedurende 1970 het twee meisies, en in 1971 een meisie, hierdie kursus suksesvol deurloop. Een van die swaksiende kandidate het 'n betrekking by Sanlam aanvaar. Die nasorgwerk wat deur die skool in haar geval gedoen is, het laat blyk dat sy in die werk waarvoor sy spesifiek voorberei is, 'n hoë standaard gehandhaaf het. Weens die aard van haar gestremdheid het sy egter wel pro= bleme ondervind om onverwagte nuwe situasies te hanteer. Dit het dan ook nodig geblyk om haar taak te vergemaklik deur sorg te dra dat opdragte wat sy ontvang in noue verband staan met die oplei= ding wat sy ontvang het. Die moontlikheid tot suksesvolle inskake= ling van blinde kandidate sal dan ook aansienlik verbeter indien werkgewers bereid sou wees om te verseker dat die werkopdragte noue verband hou met die opleiding wat hulle ontvang het en met die ondervinding wat hulle tot in daardie stadium opgedoen het (kyk bylae A, v. 3.1(b), 4.6(b), 4.9 en 7.10).

7.2.2.5 Musiekopleiding

Leerlinge wat die Nasionale Senior Sertifikaat met Musiek as vak verwerf het, kan vir 'n verdere jaar voorberoepsopleiding in mu= siek ontvang. In die reël beoog hierdie leerlinge 'n loopbaan in musiek, en wel as musiekonderwyser(es) en/of orrelis(te) in die kerk. Die kursus omvat onder andere intensiewe voortgesette on= derrig in die teorie van musiek, harmonieleer, musiekgeskiedenis en praktiese instrumentale spel. Kandidate word voorberei vir die Finale Musiekeksamen van die Universiteit van Suid-Afrika. Suksesvolle kandidate doen in die reël aansoek om toelating tot 'n erkende konservatorium vir musiek aan enige universiteit, waar die blinde student saam met normaalsiendes die voorgeskrewe kur= susse volg (Suid-Afrika, 1970b, pp. 42-43).

#### 7.2.2.6 Opleiding in programmering

'n Verdere moontlike beroepsopleidingsrigting wat deur die Skool vir Blindes te Worcester oorweeg word, is die opleiding van pro=grammeerders in samewerking met een of meer maatskappye wat elek=troniese rekenaars verskaf. Die betrokke skoolhoof het in 1967 en 1968 die opleiding van blinde programmeerders in die buiteland verken. 'n Addisionele onderwyspos aan die skool met die oplei=ding van programmeerders as gedeeltelike opdrag, is reeds deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur.

Daar word beoog om die voorlopige en teoretiese aspekte van die opleiding van kandidate wat reeds matriek geslaag het, aan die skool te behartig. Suksesvolle kandidate sal dan onder leiding van die instrukteur na die opleidingsentrum van 'n rekenaarmaat=skappy oorgeplaas word vir die voortsetting en afronding van die opleiding in teorie en praktyk. Dit is egter moeilik om te bepaal watter persentasie van die moontlike applikante aan die vereistes vir toelating sal kan voldoen. Keurings- en opleidingsmetodes sal na verwagting hoofsaaklik gebaseer wees op die metodes wat in Brittanje deur rekenaarmaatskappye in samewerking met die Royal National Institute for the Blind te Londen ontwikkel is (Suid-Afrika, 1970b, p. 43).

### 7.2.3 SLOTOPMERKINGS

#### 7.2.3.1 'n Verantwoorde toelatings- en uitplasings=praktyk

Sowel die toelating van leerlinge tot hierdie opleidingskursusse as die uitplasing van leerlinge gee blyke van 'n pedagogies ver=antwoordbare prosedure. Leerlinge oor wie daar twyfel mag bestaan of hulle wel sal kan voldoen aan die eise wat in sekere beroepe aan hulle gestel gaan word, word in die geleentheid gestel om tydens 'n evalueringsperiode by wyse van voorlopige toelating te toon waartoe

hulle in staat is. Die ontplooiingsmoontlikhede van leerlinge word dus nie misken nie.

Wat betref die uitplasing van kandidate wat 'n sekere kursus suk=sesvol deurloop het, word sorg gedra dat hulle, afgesien van die voldoening aan die vakkundige eise van hul toekomstige beroep, wel gereed is om as selfstandige persone in 'n siende gemeenskap en tussen volwasse beroepsbeoefenaars tereg te kom. Met hierdie doel voor oë word leerlinge wat beroepsopleiding deurloop, indien nodig, steeds by mobiliteitsonderrig (kyk 11.2.2), voortsettings=klasse (kyk 6.2.3.8) en die afrondingskursus (kyk 11.3.2) inge=skakel.

### 7.2.3.2 Gerigtheid op doeltreffende beroepsbeoefening

Uit die wyse waarop kandidate vir sekere kursusse gekeur word, asook die inhoud van die kursusse, blyk dat die Skool vir Blindes in besonder daarop gesteld is dat blinde kandidate wat vir sekere beroepe kwalifiseer waarin hulle met normaalsiendes moet kompeteer, wel daartoe in staat moet en sal wees. Afgesien van die psigolo=giese waarde wat die wete dat hy met 'n siende kan kompeteer vir die blinde inhou, is 'n belangrike rede vir hierdie gesteldheid van die Skool vir Blindes dat moontlike vooroordeel van die werk=gewer deur flinke en bekwame blinde werknemers verminder en selfs uitgeskakel kan word.

Daar sal egter steeds gewaak moet word teen die stel van onrealis=tiese eise aan die blinde wat sy volwaardigheid as mens geweld sal aandoen. Vir die blinde, soos ook vir elke normaalsiende mens, is sekere grense getrek waarbinne hy wel volwaardig mens kan wees en waarbuite hy noodwendig nie aan sekere eise kan voldoen nie. Hierdie feit sal steeds voor oë gehou moet word en die simpatieke begrip van werkgewers in hierdie verband en gevolglik toegewinge ten aansien van die taak wat die blinde werknemer moet vervul, sal

onontbeerlik bly.

### 7.2.3.3 Die band tussen opleiding en beroepsbeoefening

Die Skool vir Blindes poog om die band tussen opleiding aan die skool en die taak wat die blinde as beroepsbeoefenaar in die ope arbeid en in beskutte werkswinkels moet gaan verrig, heg te hou. Die skakeling met oud-leerlinge van die skool wat in 'n beroep staan; die samewerking ten aansien van opleiding en produksie tussen die Vakafdeling en die Werkswinkels vir Blindes te Worcester; die kennisname van die veranderde eise waaraan blinde telefoniste moet voldoen, en van die nuwe tendense op die gebied van klavierstem- en klavierherstelwerk deur blindes, asook die pogings om blinde programmeerders op te lei, is die uitvloeisels van 'n gerigtheid op die beroepsituasie.

### 7.2.3.4 Probleme weens die relatiewe afgeleë ligging van die Skool vir Blindes

Soos daarop gewys (kyk 7.2.2.3 c), word ook nasorgwerk deur per= soneel gedoen om onder andere vas te stel in watter mate 'n oud-leerling in 'n besondere beroep teregkom en op welke wyse hulp aan hom verleen kan word. Sodanige nasorgwerk word egter bemoei= lik as gevolg van die relatiewe afgeleë ligging van die Skool te Worcester wat skakeling met oud-leerlinge kortwiek. Om dieselfde rede word soms ook probleme ondervind om werkbestellings vir die Werkswinkels vir Blindes te Worcester te bekom.

### 7.2.3.5 Bevordering van kontinuïteit in opleiding

Die feit dat beroepsopleding aan die skool self aangebied word, verseker kontinuïteit by die oorgang van formele onderwys na beroepsopleiding. Ook verkeer die kandidaat steeds tussen per= soneel wat in 'n besondere mate kennis dra van sy moontlikhede en

beperkthede. Die beroepsopleiding van die skool dien voorts as 'n oriënteringstydperk wat die oorgang van die beskermende opvoedingsmilieu van die skool na opleiding aan tersiêre opleidingsinrigtings of die beoefening van 'n beroep vir die blinde skoolverlater vergemaklik.

### 7.2.3.6 Die beperkte beroepsmoontlikhede vir blindes

Uit die oorsig van die beroepsopleiding aan die Skool vir Blindes blyk die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan. Die beroepsmoontlikhede van blinde leerlinge wat na voltooiing van standerd 8, 9 of 10 na die Beroepsafdeling oorgeplaas word en aspireer om direk na skoolverlating tot 'n beroep in die ope arbeid toe te tree, blyk in besonder beperk te wees, aangesien hierdie leerlinge noodwendig in telefonie, klavierstem- en klavierherstelwerk of die verrigting van sekretariële werk opgelei moet word.

In hierdie verband word ten slotte na enkele van die bevindinge van Van der Burgh (1973) aangaande die beroepsopleiding wat Blanke blinde persone in die Transvaal deurloop het, verwys. Van die 347 blinde persone wat hy in sy ondersoek betrek het, het 190 (54,7%) nie 'n skool vir blindes besoek nie, of nie spesifieke beroepsopleiding deurloop nie. Van die oorblywende 157 blinde persone wat wel beroepsopleiding deurloop het, het 61 (38,9%) genoem dat hulle opleiding in 'n ander beroep sou verkies het. Dertien (21,3%) van laasgenoemde groep sou opleiding as telefonis(te) verkies het, 7 (11,5%) opleiding in fisioterapie, 6 (9,8%) opleiding in musiek en 5 (8,2%) sou opleiding as onderwyser(es) verkies het (p. 50).

* Beperkte Beroepe

## 7.3 ASPEKTE VAN DIE BEROEPSOPLEIDING VAN BLINDES IN SEKERE OORSESE LANDE

### 7.3.1 INLEIDING

Aspekte van die beroepsopleiding van blindes in sekere oorsese lande wat moontlik lig kan werp op knelpunte in die praktyk hier te lande sal bespreek word. Daar sal dan gepoog word om in hier= die verband 'n vergelyking te tref tussen die praktyk in hierdie lande en dié in die RSA.

### 7.3.2 DIE AARD VAN DIE BEROEPSOPLEIDING

Die beroepsopleiding van blindes in Engeland, België, Nederland en Duitsland toon 'n besondere ooreenkoms met dié in die RSA. Beroepsopleiding wat wel in van hierdie lande aangebied word en wat nie in die RSA aangebied word nie, is dié van bakkers en assistente in winkels en kombuise van hospitale (kyk bylae B, v. 3.1(b) en 3.5). Wat betref die opleiding van gesigsgestremdes as bakkers word slegs swaksiende leerlinge aan 'n skool vir blin= des in België in hierdie beroep opgelei en dit wil voorkom asof 'n sekere mate van gesig onontbeerlik is vir die beoefening van hierdie beroep (kyk tabel 7.1). In die Verenigde State van Ame= rika beoefen blindes egter wel sekere beroepe wat nie vir blindes in die RSA toeganklik is nie (kyk 12.4.3.4).

### 7.3.3 DIFFERENSIASIE IN TWEE STROME AAN SKOLE VIR BLINDES

Aan drie skole vir blindes in België, een in Nederland en een in Duitsland vind beroepsopleiding (soos in die geval van die Skool vir Blindes te Worcester) aan die skole self plaas. Die drie skole in België in besonder volg 'n stelsel van differensiasie in twee strome in die sekondêre afdeling. Die een stroom ("beroeps= afdeling") behels 'n meer praktiesgerigte kursus en leerlinge word

in handvaardigheidsberoepe opgelei, onder andere as vlegters, masjienoperateurs en bakkers. Leerlinge in die ander stroom ("handels"- of "tegniese afdeling") word onder andere in telefonie, snelskrif- en bandmasjientikwerk, sekretariële werk en klavierstemwerk opgelei, of vir toetrede tot tersiêre opleidingsinrigtings voorberei.

Die verdeling van blinde en swaksiende leerlinge in die sekondêre afdeling aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel gedurende 1972 volgens die verskillende beroepe en beroepsrigtings waarin hulle opgelei word en hul gevorderdheid in die verskillende kursusse, word in tabel 7.1 uiteengesit. Uit die tabel blyk dat die oorgrote meerderheid van die blinde seuns óf in die handel, óf as vlegters opgelei is. Leerlinge wat as vlegters opgelei word, word as "mentaal beneden niveau" beskryf en word in die reël in beskutte werkswinkels opgeneem. Die 12 blinde vlegters het 54,5 persent van die totale aantal blinde leerlinge (22) in die sekondêre afdeling verteenwoordig, terwyl die totale aantal van 18 vlegters, 28,1 persent van alle gesigsgestremdes verteenwoordig het.*

*Vergelyk die situasie aan die Skool vir Blindes, paragraaf 7.2.1.1 en tabel 4.1.

TABEL 7.1*

DIE VERDELING VAN LEERLINGE IN DIE SEKONDÊRE AFDELING VAN DIE KONINKLIJK INSTITUUT VOOR BLINDE EN GEZICHTSZWAKKE JONGENS, BRUSSEL, VOLGENS DIE VERSKILLENDE BEROEPE EN BEROEPSRIGTINGS WAARIN HUL OPGELEI WORD EN HUL GEVORDERDHEID IN DIE VERSKILLENDE KURSUSSE SOOS OP 1 OKTOBER 1972

SEKONDÊRE AFDELING

| | Laer sekondêre tegniese afdeling | | | | | Laer sekondêre beroepsafdeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Studiejaar in sekondêre afdeling | Handel | | Musiek | | Totaal | Bakkers | | Vlegters | | Totaal | Groot totaal |
| | Blin=des | Swak=sien=des | Blin=des | Swak=sien=des | | Blin=des | Swak=sien=des | Blin=des | Swak=sien=des | | |
| 1 | – | 6 | – | 1 | 7 | – | 1 | 4 | 2 | 7 | 14 |
| 2 | 3 | 9 | – | 1 | 13 | – | 1 | 1 | 1 | 3 | 16 |
| 3 | 4 | 4 | 1 | – | 9 | – | 2 | 1 | 2 | 5 | 14 |
| 4 | 2 | 2 | – | 1 | 5 | – | 2 | – | 1 | 3 | 8 |
| 5 | – | 3 | – | 1 | 4 | – | 2 | 6 | – | 8 | 12 |
| Totaal: Blindes | 9 | | 1 | | 10 | 0 | | 12 | | 12 | 22 |
| Totaal: Swak=siendes | | 24 | | 4 | 28 | | 8 | | 6 | 14 | 42 |

*Gegewens uit vraelys verkry; kyk bylae B, v. 1.5, 2.1 en 3.5.

### 7.3.4 DIE KOMBINERING VAN BEROEPSOPLEIDINGSKURSUSSE

Van leerlinge wat aan die Skool vir Blindes (RSA) in telefonie opgelei word, word onder andere ook verwag om bedrewendheid in tik en bandmasjientikwerk te verwerf. Verder is opleiding in telefonie 'n vereiste vir kandidate wat die sekretariële kursus deurloop. Ook aan sekere skole vir blindes in oorsese lande is die neiging te bespeur om beroepsopleiding in meer as een rigting (byvoorbeeld in telefonie en bandmasjientikwerk) in een kursus te kombineer. Weens die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, kan sodanige kombinering van beroepsopleidings=kursusse gesien word as 'n poging om blindes sodanig op te lei dat hulle ten spyte van sekere beperkthede wel suksesvol in 'n beroep in die ope arbeid ingeskakel kan word.

### 7.3.5 NASKOOLSE SENTRA VIR BEROEPSVOORLIGTING EN BEROEPSPOTENSIAALEVALUERING

In Engeland word spesifieke beroepsopleiding in die reël nie aan skole vir blindes aangebied nie, maar wel aan beroepsopleidings=inrigtings. Sommige blinde skoolverlaters word eers in naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering (Hethersett Centre te Reigate in Surrey en die Queen Alexandra College te Harborne, Birmingham) opgeneem. Die doelstelling van hierdie sentra is onder andere om as oriënteringsinrigting te dien en die gaping tussen die beskermende milieu van die skool en latere beroepsopleiding en beroepsbeoefening vir die blinde skool=verlater wat op ongeveer sestienjarige ouderdom die skool verlaat, te help oorbrug. Studente vertoef van 6 tot 18 maande aan hierdie sentra.

Die program wat aangebied word, is in die eerste plek op beroeps=voorligting, beroepsevaluering en voorberoepsopleiding toegespits en studente maak met 'n verskeidenheid van moontlike beroepsoplei=

dingsrigtings kennis. Aspekte wat in die voorberoepsopleidings=program aangebied word, is onder andere die volgende:

- Ligte ingenieurswerk wat verskillende soorte masjienoperateurs=werk behels;
- eenvoudige monteerprosesse wat deur blindes met behulp van sekere hulpmiddels behartig word;
- inleiding tot telefonie-opleiding;
- voorberoepsopleiding in tikskrif waar bepaal word of 'n student oor die moontlikhede beskik om as snelskrif- of bandmasjientik=ster opgelei te word;
- houtbewerking en die verskillende soorte gereedskap wat gebruik word;
- verpakking;
- werkswinkelrekene, en
- hulpverlening met die sosiale oriëntering van die studente.

'n Stelsel van evaluering van die beroepspotensiaal van blinde studente by wyse van tydelike indienstreding word ook aan hierdie sentra toegepas. Die student gaan byvoorbeeld vir 'n tydperk van twee weke na 'n fabriek, kantoor of winkel en na dié tydperk verloop het, rapporteer die werkgewer aangaande die student se bekwaamheid, produksie, sosiale oriëntering en aanvaarding deur siende werknemers. Die student maak gedurende hierdie tydperk van openbare vervoer gebruik en behartig sy eie geldsake. Elke student onderneem minstens drie sodanige tydperke van tydelike indienstreding wat hom die geleentheid tot selfstandigheidsbeoe=fening en selfevaluering bied. Na voltooiing van die evaluering van die beroepspotensiaal en die voorberoepsopleiding van stu=dente, word hulle in spesifieke beroepe aan beroepsopleidingsin=rigtings opgelei (Great Britain, 1972, pp. 81 en 85; RNIB, 1965, pp. 10-12).

Die Maryland School for the Blind in Maryland en ander residensiële

skole vir blindes in die VSA skakel ook blinde leerlinge (as deel van hul beroepsopleiding) op 'n tydelike grondslag in werklike beroepsituasies in. Daar is gevind dat sodanige inskakeling die leerlinge help om betekenisvolle werksgeleenthede te verken; vir onderwysers van hulp is by die bepaling van die beroepspotensiaal van leerlinge; meebring dat blindes grotere geborgenheid in die beroepsituasie beleef, en daartoe bydra dat blinde skoolverlaters hul werk doeltreffender verrig (Finkle, 1971, p. 52; Clayton, 1971, pp. 80-81).

Aan die Skool vir Blindes te Worcester doen blinde leerlinge in die Vakafdeling wel ondervinding op van die werksomstandighede in 'n werkswinkel vir blindes, en kry leerlingtelefoniste wel die geleentheid om die skakelbord van die skool te beman. Daar be=staan egter nie werklik georganiseerde skakeling tussen die skool en werkgewende instansies in 'n poging om blinde leerlinge in die Beroepsafdeling se latere sosiale en beroepsoriëntering in 'n siende gemeenskap te vergemaklik en hulle eerstehandse kennis te laat opdoen van die wye spektrum implikasies van blind te wees tussen siendes nie, veral in die beroepsituasie.

### 7.3.6 OPLEIDING AS MASJIENOPERATEURS

In Engeland kan blinde skoolverlaters aan die Staatsopleiding=sentrum te Letchworth in masjienoperateurswerk (ligte metaalwerk) opgelei word en later tot die *ope arbeid* toetree (Great Britain, 1972, p. 87). Van die blinde skoolverlaters van Bartiméus Chris=telijk Instituut voor Blindes en Slechtziendes te Zeist (Neder=land) tree 16,7 persent as metaalwerkers tot die ope arbeid toe (kyk bylae B, v. 3.1(a)). Daarenteen word blinde masjienopera=teurs wat aan die Skool vir Blindes te Worcester in die Vakafde=ling opgelei is, oor die algemeen in *beskutte werkswinkels* opge=neem. In 1971 was daar slegs 1 blinde leerling in die matras=

afdeling, terwyl daar in 1974 3 blinde leerlinge in hierdie af= deling was.

Hierdie toedrag van sake kan in die eerste plek moontlik toege= skryf word aan die goedkoop Bantoe- en Kleurlingarbeid wat in die RSA beskikbaar is en wat dit vir Blanke masjienoperateurs moeilik maak om op hierdie vlak van beroepsbeoefening om 'n betrekking mee te ding. In die tweede plek kan hierdie toedrag van sake moontlik toegeskryf word aan die feit dat verstandelik meer be= gaafde blinde kinders in hierdie lande as masjienoperateurs opge= lei word in teenstelling met die praktyk aan die Skool vir Blindes waar in die reël blinde leerlinge wat verstandelik vertraagd is, na die Vakafdeling oorgeplaas word.

### 7.3.7 OPLEIDING IN SEKRETARIËLE WERK

Kursusse vir blindes in snelskrif- en bandmasjientikwerk ("blind shorthand and audio-typing"; "steno-dactilo"), handelskorres= pondensie en ander sekretariële werk word in verskeie lande aan= gebied (Engeland, België, Nederland en Duitsland). Aan 'n skool in België word ook seuns in bandmasjientikwerk opgelei (kyk by= lae B, v. 2.2 en 3.1). Aan die Skool vir Blindes te Worcester bestaan daar nog twyfel of 'n braillekandidaat en in besonder 'n totaal blinde persoon, tot die tevredenheid van die werkgewer in 'n betrekking wat sekretariële werk vereis, ingeskakel kan word. In 1971 was daar dan ook slegs een swaksiende meisie wat die sekretariële kursus deurloop het, terwyl daar gedurende 1974 geen kandidate vir hierdie kursus was nie (kyk tabel 4.1).

### 7.3.8 ALGEMENE ONDERWYS AS INTEGRERENDE DEEL VAN DIE BEROEPS= OPLEIDINGSPROGRAM

'n Belangrike verskil in benadering ten aansien van die beroeps= opleidingsprogram blyk enersyds uit die praktyk aan die Skool vir

Blindes te Worcester, en andersyds uit dié aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel en die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge. Aan laasgenoemde 2 skole word in die sekondêre afdeling 'n vyfjarige kursus in òf 'n "tegniese", òf 'n "beroepsafdeling" aangebied. Aan die skool te Brussel word blinde seuns reeds na hul sesde skooljaar (standerd 4) na een van hierdie twee afdelings oorgeplaas. In hierdie afde= lings word met onderskeidelik òf beroepsgerigte onderwys (in 'n handels- of musiekrigting), òf beroepsopleiding (in 'n handvaar= digheidsrigting) 'n begin gemaak, terwyl *algemene onderwys steeds 'n integrerende deel van die kursusse vorm* (kyk bylae B, v. 1.5).

Aan die Skool vir Blindes te Worcester word leerlinge *na voltooi= ing* van hul skoolse opleiding (algemene onderwys) na die Vak- of Beroepsafdeling oorgeplaas. Leerlinge in hierdie afdeling word egter wel na gelang van elkeen se behoefte aan voortgesette alge= mene onderwys, by voortsettingsklasse in byvoorbeeld die amptelike tale, Rekene, Braille en Tik ingeskakel (kyk 6.2.3.8).

In hierdie verband moet ook daarop gewys word dat aan sommige van die naskoolse beroepsopleidingsinrigtings vir blindes in Engeland 'n algemene onderwysprogram veral gedurende die eerste twee jaar 'n deel vorm van die kursus wat aangebied word. Afgesien van die aandag wat aan mobiliteitsonderrig en die sosiale oriëntering van blinde studente bestee word, word die onderrig van Braille, Lig= gaamlike Opvoeding, Engels en Rekenkunde in hierdie program aan= gebied (Great Britain, 1972, p. 87).

### 7.3.9 BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR NORMAALSIENDES

Aan sommige skole vir blindes in die Verenigde State van Amerika, die Scuola Statale di Metodo 'A Romangnoli per gli Educatori dei Ciechi te Rome en Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist in Nederland is dit die praktyk om blinde

leerlinge na skole vir normaalsiendes oor te plaas vir sekere beroepsopleidingskursusse. Die rede hiervoor is dat die nodige opleidingsfasiliteite nie aan skole vir blindes bestaan nie, asook die waarde wat sodanige oorplasing vir die sosialisering en selfstandigheidsontplooiing van die blinde leerlinge inhou (kyk bylae B, v. 4.3).

### 7.3.10 DIE BEROEPSOPLEIDING VAN VERSTANDELIK VERTRAAGDE BLINDE KINDERS

Soos reeds daarop gewys (kyk 5.3.2.2),word in Engeland en Nederland in afsonderlike skole vir meervoudiggestremde blinde kinders voor= siening gemaak. Ook enkele skole vir blindes in België maak nie vir ernstig verstandelik vertraagde kinders voorsiening nie. Hier= die kinders word oor die algemeen by wyse van handvaardigheidsop= leiding voorberei vir opname in beskutte werkswinkels of word later in inrigtings wat primêr op die versorging van hierdie persone toe= gespits is, opgeneem. Die werk waarvoor hulle opgelei word, is noodwendig heel elementêr en prakties, maar kan wel doeltreffend deur hulle verrig word. Aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel word blinde kinders met 'n IK van minder as ongeveer 70 nie toegelaat nie. Nieteenstaande hier= die feit word daar nogtans vir blinde leerlinge wat verstandelik "benede niveau" is in 'n afsonderlike groep in die "beroepsafde= ling" (in handvaardigheidsopleiding) voorsiening gemaak. Ongeveer 12 persent van die gesigsgestremde skoolverlaters aan hierdie skool word in beskutte werkswinkels opgeneem (kyk bylae B, v. 3.6; RNIB, 1971d, pp. 1-2). Daarenteen is ongeveer 32 persent van die oud- leerlinge van die Skool vir Blindes te Worcester, wat wel vir ver= standelik vertraagde gesigsgestremdes voorsien, in beskutte werks= winkels opgeneem (kyk 7.2.1.1).

## 7.4 SAMEVATTING

Blinde leerlinge wat by skoolverlating op toetrede tot beskutte werkswinkels aangewys is, word in die Vakafdeling aan die Skool vir Blindes in een van die volgende handvaardigheidsrigtings op= gelei: Matrasmakery, mandjiemakery, rottangmeubelmakery, houtwerk, metaalwerk, breiwerk en weefwerk. In die Beroepsafdeling word leerlinge wat aspireer om tot die ope arbeid toe te tree, in tele= fonie, klavierstem- en klavierherstelwerk, sekretariële werk of musiek opgelei.

Sowel die toelating van leerlinge tot die verskillende opleidings= kursusse, as die uitplasing van leerlinge, gee blyke van 'n peda= gogies verantwoorde prosedure. Voorts blyk uit die wyse waarop kandidate vir sekere kursusse gekeur word, asook uit die inhoud van die kursusse, dat die Skool vir Blindes in besonder daarop gesteld is dat blinde kandidate wat vir sekere beroepe kwalifiseer waarin hulle met normaalsiendes moet kompeteer, wel daartoe in staat sal wees. Deur kennisname van nuwe tendense op die gebied van beroepsopleiding vir blindes, trag die Skool vir Blindes om die band tussen opleiding aan die skool en die taak wat die blinde as beroepsbeoefenaar moet gaan verrig, heg te hou. Die relatiewe afgeleë ligging van die skool te Worcester bemoeilik egter pogings in hierdie verband, terwyl nasorgwerk as gevolg hiervan ook in 'n mate gekortwiek word.

Die feit dat beroepsopleiding aan die skool self aangebied word, verseker kontinuïteit vanaf die oorgang van formele onderwys na beroepsopleiding. Voorts dien die beroepsopleiding aan die skool as 'n oriënteringstydperk wat die oorgang van die beskermende op= voedingsmilieu van die skool na opleiding aan tersiêre opleidings= inrigtings of die beoefening van 'n beroep vergemaklik. Die be= perkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, blyk eg= ter steeds die grootste enkele probleem te wees wat betref die

beroepsopleiding van blindes.

Uit die oorsig van die beroepsopleiding van blindes in sekere *oorsese lande* blyk dat die aard daarvan in 'n groot mate ooreen= stem met dié wat aan die Skool vir Blindes aangebied word. Blinde leerlinge wat beroepsbeoefening deurloop, kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik dié wat na opleiding in 'n handvaardigheids= rigting in beskutte werkswinkels opgeneem word, en dié wat na beroepsopleiding (byvoorbeeld in telefonie, klavierstem, sekre= tariële werk) direk tot die ope arbeid toetree.

Van besondere betekenis is die praktyk van naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering in Engeland. Afgesien van beroepsvoorligting, beroepspotensiaalevaluering en beroepsverkenning word besondere aandag aan die sosialiseringsas= pek met betrekking tot blinde studente gegee. 'n Stelsel van tydelike indienstreding word toegepas waartydens studente geleent= heid tot selfevaluering, selfstandigheidsbeoefening en sosiale inskakeling gebied word.

Die verkenning van opleidingspraktyke in sekere oorsese lande het die indruk gelaat dat 'n groter persentasie blinde masjienopera= teurs in hierdie lande tot die ope arbeid toetree as wat die geval in die RSA is. Hierdie toedrag van sake kan moontlik toegeskryf word aan die goedkoop Bantoe- en Kleurlingarbeid wat in die RSA beskikbaar is, asook aan die feit dat verstandelik meer begaafde blindes in hierdie lande as masjienoperateurs opgelei word. Voorts wil dit lyk asof die opleiding van blindes in aspekte van sekretariële werk in van hierdie lande op 'n meer gevestigde grond= slag geskied as wat in die RSA die geval is.

'n Belangrike verskil in die beroepsopleidingspraktyk aan die Skool vir Blindes te Worcester en die aan sekere skole en beroeps= opleidingsinrigtings in Engeland en op die Europese vasteland, is

dat leerlinge aan die Skool vir Blindes ná voltooiing van hul skolastiese opleiding na die Vak- of Beroepsafdeling oorgeplaas word (afgesien van die inskakeling by voortsettingsklasse), ter=wyl algemene onderwys 'n integrale deel vorm van beroepsopleidings=kursusse aan die oorsese skole en inrigtings. Sodoende word die algemene vorming van leerlinge en studente wat beroepsopleiding deurloop steeds vooropgestel.

In teenstelling met die praktyk aan die Skool vir Blindes te Worcester, word vir verstandelik vertraagde blinde kinders in Engeland en Nederland in afsonderlike skole voorsiening gemaak. Ook enkele skole vir blindes in België laat nie verstandelik ver=traagde kinders toe nie. Die werk waarvoor hierdie kinders opge=lei word, is noodwendig heel elementêr en prakties, maar kan wel doeltreffend deur hulle verrig word.